Verwysing: 20161006-4851
3/1/3/1
Navrae: Kringbestuurders

Omsendbrief: 0045/2016
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofonderwyskundiges, Kringbestuurders en Prinsipale van alle spesiale openbare skole

Kort opsomming: *Voorsiening van 2017 diensstate van staatsdiensondersteuningspersoneel aan spesiale openbare skole.*

Onderwerp: Voorsiening van 2017 diensstate van staatsdiensondersteuningspersoneel aan spesiale openbare skole

1. Die hersiening van diensstate van staatsdiensondersteuningspersoneel by spesiale openbare skole vir die tydperk van 01 April 2017 tot 31 Maart 2018 is uitgevoer op grond van die leerdertalle teen 31 Julie 2016 in ooreenstemming met die goedgekeurde norme en standaarde.

2. Die hersienings hierbo genoem, is volgens die volgende beginsels uitgevoer:
   a) handhawing van stabiliteit by skole vir 2017;
   b) bepaling van die finansiële impak van meer staatsdiensondersteuningspersoneeltoewysings in ooreenstemming met begrotingsvoorsiening vir die 2017/2018 mediumtermyn uitgaweraamwerk; en
   c) die rasionalisering van die toewysing van staatsdiensondersteuningspersoneel aan skole wat leerders verloor het, wat vereis dat die staatsdiensondersteuningspersoneeltoewysings met die goedgekeurde norme en standaarde in ooreenstemming gebring word.

3. Gegewe die huidige fiskale uitdagings ten opsigte van die vergoeding van werknemersbegroting van die Wes-Kaap Onderwysdepartement, het die Waarnemende Hoof van Onderwys goedgekeur dat die 2016/17 staatsdienspersoneeltoewysings behou word by skole waarvan die leerdertalle vir die tydperk van 01 April 2017 tot 31 Maart 2018 dieselfde gebly het/toegeneem het. Skole wat poste as gevolg van leerderafname kan verloor, sal aangepaste

staatsdiensondersteuningstoewysings vir die tydperk van 01 April 2017 tot 31 Maart 2018 ontvang. As uitsondering is goedkeuring egter toegestaan vir die hersiening van ondersteuningspersoneeltoewysings by koshuise wat dowe en/of blinde leerders ooreenkomstig leerdergroei en hersiene norme en standaarde akkommodeer.

4. Spesiale openbare skole wat moontlik staatsdiensondersteuningspersoneelposte op 01 April 2017 kan verloor en kontrakwerknemers in die geaffekteerde poste het, mag nie die kontrakte van die geaffekteerde werknemers verder as 31 Maart 2017 verleng nie. Skoolhoofde moet kontrakwerknemers nie later nie as 30 November 2016 in kennis stel dat hul kontrakte weens die afskaffing van poste nie verder as 31 Maart 2017 verleng sal word nie.

5. Spesiale openbare skole wat staatsdiensondersteuningspersoneel op 01 April 2017 kan verloor en permanente werknemers in die betrokke poste het, sal 'n botalligheidsverklaringsproses, soortgelyk aan dié wat vir opvoeders gevolg word, moet deurgaan. Alle personeel wat botallig verklaar word, sal by vakante poste by ander skole gepas en daarin geplaas word. Die pas- en plaasproses sal deur distrikskantore bestuur word. Alle botallige werknemers wat nie gepas en geplaas kan word nie, sal sonder veranderinge aan hul diensvoorwaardes by hul skole bly.

6. Indien permanente poste vakant sou word, sal botallige werknemers voorkeur geniet by die pas en plaas in sodanige poste voordat die vul van hierdie poste op 'n kontrakbasis goedgekeur word.

7. Die diensstate van staatsdiensondersteuningspersoneel vir 2017 sal op 10 Oktober 2016 onder "Administration" op SOBIS gepubliseer word.

GETEKEN: BK SCHREUDER
WAARNEMENDE HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2016-10-13